

'N HOFSAAK OOR £8,000 VOOR NATIONALE DOELEINDEN

The Friend, wat in 1850 gestig is, is die derde oudste koerant in Suid-Afrika. Die ouer koerante is *The Eastern Province Herald* (1846) en *The Natal Witness* (1847). *The Friend* wat deur mnre. Godlonton en White gestig is, het aanvanklik weekliks as *The Friend of the Sovereignty and Bloemfontein Gazette* verskyn. Dit het die naam van die blad *The Friend of India* oorgeneem ter verering van sir Harry Smith wat groot persoonlike onderskeidings in die Ooste verwerf het voor sy vertrek na Suid-Afrika.

Sedert 1876 is die koerant deur die broers Herbert, Alfred en Nathaniel Barlow beheer, met Nathaniel Barlow as redakteur. Hy is na sy dood in 1888 deur Alfred opgevolg.

Vanaf 15 Augustus 1890 is die koerant twee keer per week uitgegee, en sedert 16 Maart 1896 daagliks as *The Daily Friend*. *The Friend of the Free State* het nog twee keer per week verskyn en was vir sirkulasie op die platteland bedoel.

Gedurende die republikeinse jare het die koerant in die besonder die belange van die Engelssprekendes op die hart gedra en hom vir nouer politieke samewerking met die Britse kolonies beywer. In die jare onmiddellik voor die Tweede Vryheidsoorlog het dit nouer same-werking met Transvaal beveg. „Our plain duty is to stay neutral. We have no interest in the quarrel between the Uitlanders and the Pretoria Government.”¹

Die koerant was 'n sterk ondersteuner van J. G. Fraser wat hom in 1896 vir die presidentskap teen M. T. Steyn verkiesbaar gestel het.

Met die uitbreek van die oorlog in 1899 was Alfred met verlof in Engeland. Die koerant is deur sy seun, A. G. Barlow, bestuur. Op 29 September 1899 skrywe hy: „Our duty now as the Friend of the Free State is to support the Government of this Republic 'come what may'. We have argued against the line taken, but have lost. But though we have lost we bear no grudge and we call upon the Free State burghers who have taken up the same side as we have, to do the same. This is our country, and we hope that it will always be in the right, but be it right or wrong, it is our country, and as loyal Free Staters we must stand by it.”²

Na die besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900 deur lord Roberts se troepe, is Barlow deur genl. G. T. Pretzman ontbied en gevra om onder Britse bewind met die koerant voort te gaan. Barlow het geweier, want „it would have been a traitorous act for a Free State burgher to edit an enemy newspaper during a war.”³ Publikasie van die koerant is toe deur 'n groep buitelandse oorlogskorrespondente onder Rudyard Kipling voortgesit, tot 16 April 1900.

1. *1850-1950. A Century of Achievement* (Special Centenary Supplement of "The Friend", 10/6/1950), p. 11.

2. *Ibid.*

3. Neame, L. E., *Today's News Today* (Salisbury, 1956), p. 191.

Die Britse amptenare in Bloemfontein, wat 'n mondstuk nodig gehad het, het *The Argus Co.* genader om die koerant oor te neem. Thomas Sheffield is na Bloemfontein gestuur en hy het die drukapparaat van *The Friend* gekoop. Die maatskappy het nou *The Bloemfontein Post* gepubliseer. Die koerant het geblyk 'n vurige ondersteuner van Milnerisme te wees. Dit was *The Argus Co.* se swakste belegging.⁴

The Friend, wat dus ook 'n ongeval van die oorlog was, het weer op 11 Oktober 1902 sy verskyning gemaak nadat die Barlows 'n nuwe maatskappy gestig het. Op dié dag verklaar Arthur Barlow in 'n hoofartikel: „As *The Friend of Free State* we always took an independent view, ever fearlessly opposing that which we deemed wrong. Where we considered that blame was due, we gave it without fear or favour, and when praise was merited, we praised, whether the relent was friend or foe. This we shall do in future. We feel that the press of South Africa have a great responsibility resting upon them. It behaves all who have the welfare of the sub-continent at heart to work earnestly for a continuation between the great white races. The political winter is passed and spring is upon us, so let us all forgive and forget, not only with lips, but also with hearts. South Africa has passed through a terrible ordeal and it is the duty of both sides to now settle down and work together for the future welfare of the country. Speaking from the side of the X-Republicans, as we have every right to speak, we shall work for the prosperity and liberty of South Africa, sincerely believing that recrimination on either side can only lead to injury.”⁵

Die doelstelling van die koerant was om hom te beywer vir self-regering onder die Britse vlag.⁶ *The Bloemfontein Post* weer, was 'n vurige ondersteuner van die Kroonkolonie-regering, sodat dit sterk deur laasgenoemde ondersteun is in die vorm van drukwerk en andersins. Dié koerant is ook deur die Engelse leserspubliek van Bloemfontein beter ondersteun as *The Friend*, omdat laasgenoemde die onpopulêre standpunt gehuldig het. Die onderneming het dus spoedig 'n te groot onderneming vir die Barlow-broers geword, en die finansiële las te swaar. In Augustus 1903 het die Barlows gevolglik 'n beperkte maatskappy gefloteer en *The Friend Printing and Publishing Co. Ltd.* gestig.

Teen hierdie tyd het daar ook 'n politieke oplewing by die verslane Afrikaners merkbaar geword. Die beleid van lord Milner om die Afrikaner se staatstradisies met wortel en tak uit te roei, het vir die Afrikaner onheilspellende betekenis ingehou⁷, en hom al verder van sy oorwinnaar verwyder. Gaandeweg het hy besef dat georganiseerde optrede die enigste doeltreffende teenmiddel vir Milner se beleid was. Die Afrikaners moes ekonomies en polities opgehef word. Daarvoor was 'n koerant wat as mondstuk vir die Afrikanerideale kon dien, noodsaaklik. Die verslane

4. *Ibid.*, p. 190.

5. *The Friend*, 11/10/1902.

6. 1850-1950. *A Century of Achievement*, p. 13.

7. Van Rensburg, A. P. J., *Die Ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907*, p. 146.

volk het op daardie stadium te doen gehad met 'n magtige vyandige pers. C. M. van den Heever verklaar: „Teen hierdie tyd was die Afrikaner met sy ideale al so swart afgeskilder dat die bron van veel ellende by 'n vyandiggesinde pers gesoek moet word, wat, soos genl. Smuts dit in Junie 1902 uitgedruk het, leuens opsetlik *fabriseer en publiseer* (het) vir konsumpsie van die Engelse publiek.”⁸

Afrikanerleiers soos genl. J. B. M. Hertzog en Abraham Fischer het van die geleentheid wat geskep is deur die Barlows met die flotering van 'n beperkte maatskappy gebruik gemaak om beheer oor *The Friend* te verkry. Hulle het *The Friend Printing and Publishing Co. Ltd.* vir £15,000 gekoop. Die helfte van die bedrag is betaal met aandele in die nuwe maatskappy. 'n Kwart van die orige bedrag is in kontant betaal, en die balans moes in drie gelyke paaiemente oor twaalf maande betaal word.

Die maatskappy het 'n nominale kapitaal van £25,000 gehad, wat verdeel was in 25,000 aandele van een pond elk. Die direksie het bestaan uit Abraham Fischer (voorsitter), dr. A. E. W. Ramsbottom, Alfred Barlow, C. G. Fichardt, J. B. M. Hertzog en W. J. C. Brebner.⁹

Die koerant het voortaan die politieke beweging wat begin het by die Brandfort-kongres in Desember 1904, en uitgeloop het op die stigting van die Orangia-unie in 1906, gesteun, en hom o.a. sterk beywer vir die verkryging van selfregering. Hierdie standpunt was nie gewild onder die Engelssprekendes van Bloemfontein nie, met die gevolg dat die koerant se sirkulasie klein was, en die handelaars dit swak ondersteun het sover dit advertensies betref.

Die koerant was tot 9 Julie 1904 tweetalig. Die direksie het toe besluit om 'n weekblad, *De Wekelijksche Vriend*, uit te gee wat vir verspreiding op die platteland bedoel was, en waar die maatskappy op groter ondersteuning kon reken. Sestien maande later het die koerant twee keer per week begin verskyn as *De Vriend des Volks*.

Ten spyte van die uitbreidings het die maatskappy finansieel gewurg. Dit het in 1903 met 'n oortrokke rekening van £2,500 begin. In November 1905 was die oortrokke bedrag £5,658. Hierdie bedrag moes deur Fischer, Hertzog en Brebner geborg word, omdat die ander direkteure nie daarvoor wou goedstaan nie.¹⁰

Dit was op hierdie stadium noodsaaklik dat geld gevind sou word om die oortrokke rekening af te los. Hertzog en Fischer was bewus van 'n fonds waaroor genl. Louis Botha beskik het. Dit was vermoedelik 'n bedrag van die geld was genls. Botha, De la Rey en De Wet na die oorlog op die Europese vasteland ingesamel het, en kon vir „nasionale doeleinden” aangewend word. Fischer en Hertzog het gemeen dat die Vrystaat ook op 'n deel van die geld geregtig was. Daar is toe besluit

8. Van den Heever, C. M., *Generaal J. B. M. Hertzog*, p. 181.

9. *1850-1950. A Century of Achievement*, p. 13.

10. *Hoogeregshofsak 304 van 1926*. Hertzog se getuienis.

dat Fischer in dié verband aan Botha moes skryf,¹¹ 'n daad wat vér in die toekoms reperkussies sou hê.

Genl. Botha het op Fischer se brief gereageer deur vir hom £8,000 te stuur. Daar is geen voorwaardes vir die skenking gestel nie, behalwe dat dit vir „nasionale doeleinden” aangewend moes word.¹² Met die geld het Fischer en Hertzog 7966 aandele in die maatskappy gekoop. Die res van die bedrag is vir oordragskoste aangewend.

Hoewel Fischer en Hertzog gemeen het dat hulle volle beheer oor die „trust” gehad het, aangesien die geld onvoorwaardelik geskenk is, het hulle toe die aandele op 27 Mei 1906 aangekoop is, by gebrek aan 'n beter naam, dit as „Transvaal aandele” geregistreer.¹³ Op 'n direksievergadering op 11 Junie 1906 is die registrasie egter verander en is 2656 aandele of Fischer se naam geplaas, en 2 655 elk op die name van Hertzog en C. H. Wessels, wat 'n politieke ondersteuner was, en intussen tot die direksie toegetree het. Dit het beteken dat daar nou in werklikheid drie trustees was, maar Hertzog het dit nog beskou dat hy en Fischer volle beheer gehad het.¹⁴

In Januarie 1907 het die Engelse van Bloemfontein *The Constitutional Party* as teenvoeter vir die *Orangia-unie* gestig. Daar was nou pogings van hulle kant om beheer oor *The Friend* te verkry. Ten einde dit die hoof te bied, het die drie trustees besluit om van die aandele aan familie en vriende oor te dra, om sodoende hulle stemkrag te verhoog. Elke aandeelhouer kon volgens die statute van die maatskappy slegs op krag van 1500 aandele stem. Hertzog het van sy aandele aan dr. Ramsbottom en Brebner oorgedra. Desgelyks het Fischer van syne op sy seun, Percy, se naam geregistreer, en Wessels van syne op die naam van sy seun, Louis. Hierdie oordragings is nie gesamentlik gedoen nie. Elke trustee het bloot sy eie reëlings getref. C. H. Wessels het byvoorbeeld aan Louis gesê dat hy die aandele namens genl. Botha moet hou.¹⁵ Elke „houer vir stembedoeleindes” het egter besef dat hulle geen aanspraak op die aandele kon maak nie, en Hertzog en Fischer het hulleself nog as die wettige beskikkers oor die trust-aandele beskou. Hulle wou 'n behoorlike trustakte opstel, maar die probleem was „om 'n liggaam te kry wat as trustees kon optree wat nie van sentiment sou verander nie.”¹⁶ Dit het dus agterweë gebly.

Op daardie stadium het daar ook geen dispuut ontstaan nie, want die maatskappy kon nie diwidende verklaar nie. Die posisie het onveranderd gebly tot 1910, toe Fischer en Hertzog lede van die eerste Unie-ministerie geword het en na Pretoria moes verhuis. Hulle het weer die noodsaaklikheid van 'n behoorlike trustakte bespreek, en besluit dat solank daar nie 'n trustakte was nie, iets daargestel moes word wat kon

11. *Ibid.*

12. *Ibid.*

13. *Ibid.*

14. *Ibid.*

15. *Ibid.* Getuienis van L. T. H. Wessels.

16. *Ibid.* Hertzog se getuienis.

bewys wat die posisie van die aandele was. Fischer en Hertzog was bang dat die ander houers van die aandele dit mettertyd as hulle eiendom kon beskou. Hulle het op geen stadium die toekoms van die aandele met Botha bespreek nie, omdat hulle volle beheer daarvoor gehad het, en dit beskou het dat Botha geen aanspraak daarop het nie.¹⁷

In November 1912 is toe uiteindelik 'n vergadering in Bloemfontein gehou om oor die aandele te beslis. Hertzog kon dit nie bywoon nie, maar Fischer het wel gegaan. Daar is besluit dat elkeen 'n dokument sou onderteken dat by sy dood of afwesigheid die aandele aan Fischer, Hertzog en Brebner sou terugval. Die dokument wat deur Hertzog onderteken is, het so gelui: „Ik de ondergetekende, J. B. M. Hertzog, verklaar hiermee dat nietegenstaande dat ik de geregistreerde eigenaar ben van zekere 750 aandelen in The Friend Newspapers Ltd., genummerd 15111-15860, gemelde aandelen niet mijn eigendom zijn en dat bij mijne dood of afwesigheid de heeren Abraham Fischer en J. W. C. Brebner, of de overblijvende of tegenwoordige zijnde, kunnen goedgevonden over dezelve kunnen beschikken”.¹⁸ Gelykluidende dokumente is deur elke houer van trustaandele onderteken, behalwe dat Hertzog se naam as trustee genoem was. Louis Wessels is nie deur sy vader van die vergadering in kennis gestel nie. Laasgenoemde het bloot die dokument vir ondertekening aan hom voorgelê, en gesê hy moes dit onderteken sodat bereddenaars van sy boedel die aandele nie kon opeis nie. Hy is nie deur die ondertekening van die dokument onder die indruk gebring dat die aandele nie meer aan genl. Botha behoort nie.¹⁹

Daar moet op gelet word dat Brebner ingevolge die dokument vir Wessels as trustee vervang het, omdat Wessels in die woorde van Hertzog „ons nie sterk genoeg ondersteun het nie.”²⁰

Intussen het die finansiële toestand van die maatskappy aanmerklik verbeter, hoofsaaklik weens die bekwame bestuur van D. M. Ollemans wat in 1908 aangestel is, en die feit dat die koerant na 1910 die populêre standpunt van regeringsondersteuning gehuldig het. Op 1 Januarie 1911 is 'n nuwe maatskappy, *The Friend Newspapers Ltd.*, gestig, wat die bates en laste van die ou maatskappy oorgeneem het. Dit het 'n nominale kapitaal van £20,000 gehad wat in 10/- aandele verdeel was. Die maatskappy kon in 1912 sy eerste diwidend van 6% uitbetaal.

Die einde van 1912 het ook 'n krisis vir die maatskappy gebring. Daar het 'n krisis in die kabinet ontstaan, waardeur Hertzog van sy ministersamp onthef is. In die ernstige politieke verdeling wat daarna gevolg het, is ook die houers van die trustaandele in twee groepe verdeel. A. Fischer, Percy Fischer, C. H. Wessels en L. T. H. Wessels het die Botha-regering bly steun, terwyl Hertzog, Rambottom en Brebner hulleself in 'n ander politieke kamp bevind het. Hertzog het pogings aangewend om beheer oor die maatskappy te verkry. Na 'n reeks storm-

17. *Ibid.*

18. *Ibid.* Bewysstuk 1.

19. *Ibid.* L. T. H. Wessels se getuienis.

20. *Ibid.* Getuienis van Hertzog.

agtige vergaderings, het die direksie egter besluit „that the policy of the company would henceforth be an independent one but would support the ideal of racial conciliation and co-operation as advocated by General Botha, and the principles of the South African Party.”²¹

Na die dood van Abraham Fischer in November 1913, het Hertzog en Brebner ingevolge die dokument van November 1912 aanspraak op sy aandele gemaak. Op 20 April 1914 het Hertzog aan Percy Fischer, wat die trustaandele bewaar het, en ook die diwidende in 'n spesiale bankrekening inbetaal het, geskryf en die aandele van A. Fischer opge-eis. Hy wou ook al die ander trustaandele hê, omdat hy van mening was dat hy en Brebner na die dood van Fischer die enigste trustees was, en dus volle seggenskap oor die hele trust het.²²

Percy Fischer het nie sy weg oopgesien om al die aandele te oorhandig nie, tensy hy toestemming van die nominale houers kon verkry. Hy het saamgestem dat Hertzog wel ingevolge die dokument van 1912 aanspraak op A. Fischer se aandele het, maar wou eers vir C. J. Reitz, wat prokureur van die eksekutrisse van die Fischer-boedel was, raadpleeg. P. Fischer spreek ook die wens uit „to be rid of this rather anomalous trust. I would be glad if you get the other gentlemen to authorise me to hand over their scrip to you, in which case I shall readily do so. In event of their refusing to do so, I intend in any case handing over to them individually their scrip and so releasing myself of the trust.”²³

C. J. Reitz het geweier om die aandele van A. Fischer aan Hertzog te oorhandig. Hy het beweer dat die aandele met geld „vanuit Transvaal” gekoop is, en hy wou vasstel wie die werklike eienaars was. Dit was die eerste keer dat Hertzog verneem het dat daar ander moontlike aanspraakmakers op die aandele was. „I wish to deny emphatically Mr. Reitz's statement and to repeat that the money with which the shares were bought was put at full and free disposal of Fischer and myself and that nobody except he and I were entitled to the shares purchased therewith, except in so far as some thereof were for temporary purposes placed on the names of other gentlemen.”²⁴ Hertzog se standpunt was dat hy en Fischer volle beheer oor die aandele gehad het. Botha het nooit op enige tydstip seggenskap oor die aandele geëis nie, of self met Hertzog daaroor gepraat nie.²⁵

Reitz het na Hertzog se dreigement van geregtelike aksie die Fischer-aandele op 12 Desember 1914 oorhandig, waarskynlik met goedkeuring van Botha. Genl. J. C. Smuts skryf in die verband aan Botha dat hy (Botha) reg gehandel het insake *The Friend*-aandele. Hy raai Botha af om 'n hofgeding oor die aandele te voer, aangesien die aandele in beide koerante dan ter sprake sal kom, en dit sou nie in hulle belang wees om te openbaar hoe *De Volkstem* gehou word, en waar die geld

21. *1850-1950. A Century of Achievement*, p. 17.

22. *Hoogeregshofsaak 304 van 1926*. Hertzog aan Fischer, 20/4/14. Bewysstuk 12.

23. *Ibid.* Fisher aan Hertzog, 22/4/14. Bewysstuk 7.

24. *Hoogeregshofsaak 304 van 1926*. Hertzog aan Fischer, 25/7/14. Bewysstuk 13.

25. *Ibid.* Getuienis van Hertzog.

vandaan kom nie. Hy spreek die vrees uit dat die aandele in *The Friend* vir goed vir hulle verlore is, en dat die beste sal wees om daarvoor te swyg.²⁶ Botha se standpunt was dat hy die geld voorsien het, en dat hy geregtig was op die aandele, in elk geval dan op dié van sy politieke simpatiseerders. Gevolglik het hy in Maart 1915 aan die direkteure getelegrafeer dat die houers van die aandele nie *bona fide* eienaars was nie, en geen reg gehad om daarvan ontslae te raak nie.²⁷

Intussen het Hertzog op 5 Augustus 1914 'n vergadering van al die houers van die trustaandele belê. Almal was teenwoordig. Hertzog se houding was dat hy en Brebner die reg gehad het om oor die aandele en diwidende te beslis, maar weens die politieke geskille tussen die nominale houers, het hy gevoel dat hy nie te veel daarop moes staan nie. Op sy voorstel is toe eenparig aanvaar dat daar 'n behoorlike trustakte opgestel moes word en dat Percy Fischer voorlopig die aandele sou bly bewaar. Tot tyd en wyl daar nie 'n behoorlike trustakte bestaan nie, sou die diwidende aan elke aandelhouer persoonlik uitbetaal word, en sou Fischer, C. H. Wessels en L. T. H. Wessels saam besluit waarvoor hulle diwidende aangewend sou word, terwyl die aandeelhouders wat Hertzog ondersteun dieselfde sou doen. Die reëling sou van krag bly solank die politieke geskil voortbestaan, of totdat die aandele wat op 'n persoon se naam staan, weens sy dood of afwesigheid, kragtens die ooreenkoms van 1912, aan die trustees terugval.²⁸

Die diwidende wat voortaan aan Fischer en die Wesselse uitbetaal is, is aan C. J. Reitz oorhandig wat dit weer aan Botha oorbetaal het, terwyl dié van die Hertzog-groep in 'n spesiale bankrekening inbetaal is. Van die geld is van tyd tot tyd vir „nasionale doeleindes” aangewend. Hertzog kon van elke sent verslag doen.²⁹

In 1916 het Fischer sy aandele aan Hertzog terug gegee, sodat laasgenoemde nou oor al die aandele beskik het, behalwe dié van die Wesselse.

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het die maatskappy werklik geflooreer. 'n Diwidend van 12% kon verklaar word. In September 1918 is 50,000 nuwe 10/- aandele uitgereik, wat die nominale kapitaal op £45,000 te staan gebring het. £28,875 is uit die reserwefonds geneem en tussen die aandeelhouders verdeel as 'n aandeelbonus. Twee volopbetaalde aandele is gegee vir elke een opbetaalde aandeel.³⁰ Dit beteken dat Hertzog nou beheer gehad het oor 18,783 aandele wat die oorspronklike 6,261, d.w.s. die Wesselse s'n uitgesluit, verteenwoordig het.

Intussen het Hertzog, ooreenkomstig die ooreenkoms van 1914, geen seggenskap oor die aandele van die twee Wesselse gehad nie, behalwe dat dit na hulle dood aan hom sou terugval.

26. *P.M.* 408. Smuts aan Botha. 8/3/1915.

27. 1850-1950. *A Century of Achievement*, p. 18.

28. *Hooggeregshofsaak 304 van 1926*. Bewysstuk nr. 3.

29. *Ibid.* Hertzog, L. T. H. Wessels en C. J. Reitz se getuienis.

30. 1850-1950. *A Century of Achievement*, p. 19.

Op 1 Augustus 1918 het genl. Botha aan C. H. Wessels geskrywe en gevra dat die aandele wat op sy seun se naam geregistreer was, aan C. J. Reitz en Jan Steyl oorhandig moes word, of aan persone deur hulle aanbeveel. Botha het onderneem om alle verantwoordelikheid te aanvaar. Hy doen die versoek ten einde die posisie van *The Friend* te konsolideer.³¹ Die aandele van L. T. H. Wessels is toe na C. H. Wiley, n' personeellid van *The Friend* oorgedra, terwyl C. H. Wessels se aandele aan Jan Steyl en C. J. Reitz oorgemaak is. Jan Steyl se aandele is weer in 1924 aan F. S. Webber oorgemaak. In al die gevalle is die diwidende aan die *Argus Co.* oorbetaal, wat sedert 1917 die beherende aandeel in *The Friend* verkry het.³²

Van hierdie versoek van Botha, en die oordragte, was Hertzog onbewus. Met die dood van C. H. Wessels het Hertzog ingevolge die ooreenkoms van 1912 die aandelesertifikate aangevra. Toe eers het hy verneem dat die Wesselse nie meer oor die aandele beskik het nie. Hertzog en Brebner het dadelik geregtelike stappe teen die boedel van C. H. Wessels geneem. Die saak is egter buite die hof geskik, en Hertzog het vergoeding van 'n onbekende bedrag van die Wessels-boedel ontvang.

Daar was nou nog die aandele van Louis Wessels waarmee gehandel moes word. Hertzog en Brebner het 'n siviele aksie teen Wessels ingestel waarin hulle die teruggawe van die 2,265 aandele (oorspronklik 755) eis, of terugbetaling teen die waarde van £3 per aandeel. Verder eis hulle terugbetaling van al die diwidende vanaf 1 Julie 1918.

Die saak is deur Regter-president Etienne de Villiers, bygestaan deur regters Blaine en McGregor, verhoor. Die getuienis soos hierbo weergegee is gelei. Die hof het bevind dat „Defendant became a dummy holder of 755 shares for voting purposes only, and that he was a dummy holder either for his father or Gen. Botha, for I take it that a dummy holder holds either for the person who has transferred the holding to him, or for the person who is indicated to him by the transferrer as the real or beneficial owner. As the Defendant says he held for Gen. Botha, I shall take it that the shares belonged to Botha.”³³

Die hof het voorts gemeen dat die eisers se saak berus het op die dokument van November 1912. Hierdie dokument was op sigself nie 'n bilaterale kontrak nie, maar 'n verklaring. Die vraag is of die verweerder deur die ondertekening van die dokument verklaar het dat hy in die toekoms die aandele vir die drie trustees, Fischer, Hertzog en Brebner, gehou het, en nie meer vir Botha nie? Of het hy slegs die dokument van 1912 onderteken om te verhoed dat die eksekuteurs van sy boedel die aandele opeis, en om die drie trustees in staat te stel om 'n ander persoon na sy dood of afwesigheid as nominale houer aan te stel? Verweerder was onder die indruk dat deur die verklaring van 1912 te

31. *Hoogeregshofsaak 304 van 1926.* Botha aan Wessels 1/8/1918. Bewysstuk 17.

32. *Ibid.* Getuienis van E. J. C. Stephens, sekretaris van die maatskappy.

33. *Ibid.* Uitspraak van die hof.

onderteken, hy geen verandering met betrekking tot die eienaarskap van die aandele gemaak het nie. Wat hom betref was Botha nog die eenaar, voor en na die ondertekening van die dokument.

Verweerder het nie deur die ondertekening van die dokument van 1912 bedoel om 'n trust ten gunste van die drie persone wat in die dokument genoem word, te skep nie, of om enige verandering aan die eienaarskap van die aandele te maak nie. Hy sou dit waarskynlik nie sonder die toestemming van genl. Botha gedoen het nie, wie sy vader gesê het die wettige eenaar was. Volgens verweerder se vader hom ingelig het, was die doel van die dokument slegs om te verhoed dat die aandele in sy boedel val, en om die drie persone in staat te stel om 'n ander nominale houer vir stempdoeleindes aan te stel. Die dokument van 1912 het geen trust geskep nie, en was ook nie bedoel as 'n trust-akte nie. Dit kon slegs dien om die drie genoemde persone aan te stel om vakatures, veroorsaak deur die dood of afwesigheid van die houers, aan te vul.

Die dokument moet gelees word om te beteken wat dit sê. Deur die dokument sê verweerder dat hy nie die eenaar van die aandele is nie. Hy gee hulle wel die reg om na sy dood met die aandele te handel, maar dit beteken nie dat hy toegee dat hulle die eenaars is nie, of enige reg daarop het nie. Die vraag moet gestel word, dat as verweerder homself beskou het as nominale houer vir genl. Botha, hoe kon hy verklaar dat met sy dood of afwesigheid ander persone, behalwe genl. Botha, met die aandele na willekeur kon handel? Dit sou neerkom op 'n oortreding van Botha se regte. Die persone wat na sy dood deur die trustees aangestel word, sou weer die aandele vir genl. Botha hou.

As die bedoeling was om deur die opstel van die dokument 'n trust ten gunste van Fischer, Brebner en Hertzog te skep, dan is die dokument onvolledig opgestel, omdat die drie persone nie daarin as eenaars aangetoon word nie. Die hof het daarop die aansoek van die eisers met koste verwerp.³⁴

Hertzog kon dus nie daarin slaag om die aandele van Wessels terug te kry nie. Hy het egter beheer oor al die ander aandele verkry, wat in totaal 18,783 was. Teen 'n markprys van £2-10/- per aandeel in 1924³⁵, was die fonds saam met die diwidende meer as £50,000 werd. Na die dood van genl. Hertzog is al die aandele aan *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns* bemaak. Die oordrag het in Februarie 1943 geskied.³⁶

A. H. Marais.

34. *Ibid.*

35. 1850-1950. *A Century of Advievement*, p. 18.

36. *Ibid.*